SUNRIDGE VANDAG

CONJUNCTI CRESCIMUS

SUNRIDGE TODAY

18 May/ Mei 2021

Dear Parents, Learners and Staff

*"A family is like a forest, when you are outside it is dense, when you are inside you see that each tree has its place."* **– African Proverb**

We are trees in this family, each within our own right, with our own tasks, responsibility, accountability but ultimately all serving the education of our children.

As we carefully move forward we experience how families (trees) struggle in different ways to deal with the pandemic, while others move forward without breaking a sweat - we kindly request patience and understanding.

In the Nelson Mandela Metro schools get compared and questions are asked without the correct information.

The Minister of Education did not give permission to any school to return to normal schooling outside the regulations. Only schools who could accommodate all learners within the regulations are allowed to do so. This includes a 1,5-meter social distancing which was never changed in any **Government Gazette**. Only a limited number of schools could do so and at Sunridge we managed from the very first day to accommodate all our Grade 7's every day as requested by the Department.

We returned all grades on alternative days and we managed to keep our school open. Our available teaching space does not allow for any other option. We only asked for a two-day break in 2020 to disinfect our building properly. Notwithstanding the huge challenge with available staff we have managed to keep the school open and deliver a quality service even with the shortage of 6 departmental staff.

We choose to focus on solutions and our staff work very hard to ensure the best possible service delivery. We covered the curriculum as required and we invented new strategies to deal with challenges due to the alternative school day attendance.

As already communicated, we wanted all grades to return but only if we could comply. We investigated possibilities for Grade 1 and 2 only to find it is outside regulations and not feasible. During 2020 we developed strategies to teach in such a way that we could minimize the negative influences and in most cases match and even better our academic delivery. The reports from Grade Heads, Subject Heads and HOD's clearly shows that we are doing it right. It must be mentioned that we have received brilliant reports from high schools and past parents thanking us for what we did in 2020.

YES it is with tremendous support from Sunridge families and we are thankful for that. YES we know of the struggles and immense task mums and dads must undertake and YES it is a huge burden on teachers and is surely taking its toll on their health.

Nevertheless, we will persevere, monitor, support and we can report that we are on track with the 2021 academic year.

Sadly, we believe that the immense search and desire for social contact and normality might prove to be our worst enemy. We do not know if the return of contact sport is the catalyst or why so many schools now have to cancel matches and events? With more and more closures of schools due to learners and staff testing positive and with the Western Cape calling on their schools for a "postponement of school sport as we enter the third wave" we cannot adopt an 'island mentality'.

Without being negative we should also pay attention to the fact that a high number of deaths in children is being recorded in Brazil. The health of our children is way too important and with the current cold weather we need to ensure our children are safe.

The parents of children in need of academic support are currently being contacted by our support team and we have already started with a support programme for those in need. Although the numbers are low we need to call on all learners to take academic performance seriously. We must commend our learners for working with us and for achieving very good marks in the first term. Those still facing a few challenges: let us man up and take the bull by its horns.

**Ralph Emerson wrote – "Our greatest glory is not in never failing, but in rising up every time we fail."**

**Please note**
On Monday, 17 May 2021 many parents were effected by a combination of the power failure in Sunridge Park and loadshedding. Thank you to those parents who phoned, thereby following our policy. We made an exception, as within our policy and kept gate 16 open in support. Thank you to the office staff for standing in where necessary and the teaching staff for coping without assistance. This was a once off and we are back to our policy. Sorry mum/dad, gate 16 is not a gate for late arrivals.

Sunshine greetings
M DE VRIES
Principal

Geagte Ouers, Leerdinge en Personeel

"A family is like a forest, when you are outside it is dense, when you are inside you see that each tree has its place." – **Afrika-spreekwoord**

Ons in hierdie familie is almal bome, elkeen in eie reg, met ons eie pligte, verantwoordelikhede, aanspreeklikhede, maar uiteindelik met die opvoeding van ons kinders ten doel.

Terwyl ons voetjie-vir-voetjie vorentoe beweeg, kan ons sien hoe families (bome) die pandemie op verskillende maniere benader, sommige met 'n hewige worsteling, terwyl ander ligvoets deur die lewe dartel. Ons versoek vriendelik dat almal geduld en begrip aan die dag lê.

In die Nelson Mandela Metro word sonder die korrekte inligting vergelykings tussen skole getref en vrae gevra.

Die Minister van Onderwys het aan geen skool toestemming verleen om buite die regulasies na normale skoolbywoning terug te keer nie. Slegs skole wat alle leerlinge binne die regulasies kan akkommodeer, word toegelaat om dit te doen. Dit is met inbegrip van 'n 1,5 m sosiale afstand, wat nooit in enige **Staatskoerant** herroep is nie. Slegs 'n beperkte aantal skole kon dit doen en hier by Sunridge het ons van dag een af daarin geslaag om al ons Gr 7's te akkommodeer, soos deur die Departement versoek.

Alle ander grade woon skool op alternatiewe dae by en ons het daarin geslaag om ons skool oop te hou. Ons beskikbare onderrigruimte laat ons geen ander opsie toe nie. Ons het in 2020 slegs vir 'n onderbreking van twee dae gevra om ons gebou behoorlik te saniteer. Ongeag die reuse-uitdaging met beskikbare personeel, het ons reggekom, selfs met 'n tekort van 6 departementele personeellede het ons die skool oopgehou en gehaltediens gelewer.

Ons verkies om op oplossings te fokus en ons personeel gaan uit hulle pad om die beste moontlike diens te lewer. Ons het die vereiste leerplan behandel en ons het nuwe strategieë ontwikkel om die uitdagings a.g.v. skoolbywoning op alternatiewe dae die hoof te bied.

Soos reeds met u gedeel, wil ons graag alle grade terugbring, maar slegs as ons die reëls kan eerbiedig. Ons het moontlikhede vir Gr 1 en 2 ondersoek, maar dit was duidelik dat dit buite regulasies en onuitvoerbaar was. Sedert 2020 het ons strategieë ontwikkel om onderwys te gee op 'n manier wat ons die negatiewe invloede tot die minimum kon beperk en in die meeste gevalle kon ons ons akademiese dienslewering ewenaar en selfs verbeter. Verslae van Graadhoofde, Vakhoofde en Departementshoofde toon duidelik dat ons suksesvol is. Ons het briljante verslae van hoërskole ontvang en voormalige ouers het ons bedank vir dit wat ons in 2020 gedoen het.

JA, ons ontvang ongelooflike ondersteuning van Sunridge-families, waarvoor ons oneindig dankbaar is. JA, ons is bewus van die stryd wat ouers voer en die ontsaglike taak wat op hul skouers rus en JA, die onderwysers dra 'n sware las wat beslis sy tol op hul gesondheid eis.

Desnieteenstaande sal ons volhard, monitor, ondersteun en kan ons meld dat ons op koers is met die 2021 akademiese jaar.

Ongelukkig wil dit voorkom asof die onblusbare soeke en drang na sosiale kontak en normaliteit ons ondergang gaan beteken. Ons is nie seker of die terugkeer na kontaksport die sondebok is en of dit die rede is waarom so baie skole nou wedstryde en byeenkomste kanselleer nie. Al hoe meer skole sluit omdat leerlinge en personeel positief toets en met die Wes-Kaap wat 'n beroep op hul skole doen om "skolesport uit te stel, aangesien die derde vlaag op hande is", durf ons nie toelaat dat 'n eilandmentalitiet posvat nie.

Sonder om negatief te wees, moet ons ook kennis neem van die feit dat ongehoorde getalle sterftes onder kinders in Brasilië voorkom. Die gesondheid van ons kinders is ons prioriteit en met die huidige koue weer moet ons die veiligheid van ons kinders verseker.

Kinders wat akademiese bystand nodig het, word tans deur ons ondersteuningspan gekontak en ons het reeds met 'n hulpprogram begin. Hoewel die getalle laag is, moet ons 'n beroep op alle leerlinge doen om akademiese prestasie ernstig op te neem. Ons moet ons leerlinge lof toeswaai vir hul samewerking en goeie punte in die eerste kwartaal. Kom ons pak die bul by die horings en neem verantwoordelikheid om diegene wat uitdagings in die gesig staar, by te staan.

**Neem asseblief kennis**
'n Menigte ouers is op Maandag 17 Mei 2021 onkant betrap deur die kragonderbreking in die Sunridgepark-area en beurtkrag. Baie dankie aan die ouers wat geskakel en ons beleid eerbiedig het. Ons het 'n uitsondering gemaak en Hek 16 oopgehou om ons ouers by te staan. Dankie aan kantoorpersoneel wat ingespring en gehelp het en aan onderwyspersoneel wat sonder bystand oor die weg moes kom. Dit was 'n eenmalige gebeurtenis en ons beleid word nou weer toegepas. Jammer Mamma/Pappa, Hek 16 is nie oop vir mense wat laat kom nie.

**Ralph Emerson het geskryf – "Our greatest glory is not in never failing, but in rising up every time we fail."**

Sonskyngroete
M DE VRIES
Skoolhoof

## LEARNER ACHIEVEMENTS / LEERDERPRESTASIES

*If not a school event, official results must be emailed to wendy@sunridge.co.za within one week of the event.*
*Indien nie 'n skoolaktiwiteit nie, moet uitslae binne een week na wendy@sunridge.co.za gestuur word.*

RABIE TRUST




TAVCOR
SUZUKI

Follow us on facebook

SWIPE
TO WIN-WIN!
FOR YOU & YOUR CAUSE!
Win your share of R200 000 CASH

### HERE'S TO MORE REASONS FOR SWIPING!


**Sunridge, Primary School - PE.**

We know how important every swipe is for your organization and we want to help you raise even more funds.

Each time supporters swipe for your cause, they wont just be giving back to you, they will stand a chance of winning their share of **R200 000* CASH**

Swipe your MySchool MyVillage MyPlanet or linked Woolies card and stand a chance of winning.

**10 WINNERS will each win R10 000 CASH, PLUS, each winner will also win another R10 000 CASH donation for their selected cause.**



# PHOTO GALLERY / FOTOGALERY




















## Sunridge Primêre Skool

**Kwartaal 2 2021**

**Eksamen**

| DATUM | GRAAD | SESSIE | VAK | GRAAD | SESSIE | VAK |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Maandag 7 Junie** | Gr 4 | Sessie 1 | NW/Teg | Gr 7 | Sessie 1 | Natuurwetenskappe |
| | | Sessie 2 | Visueel en Opsomming (Afr) | | Sessie 2 | Visueel en Opsomming (Afr) |
| **Dinsdag 8 Junie** | Gr 5 | Sessie 1 | NW/Teg | Gr 6 | Sessie 1 | NW/Teg |
| | | Sessie 2 | Visueel en Opsomming (Afr) | | Sessie 2 | Visueel en Opsomming (Afr) |
| **Woensdag 9 Junie** | Gr 4 | Sessie 1 | Wiskunde | Gr 7 | Sessie 1 | Wiskunde |
| **Donderdag 10 Junie** | Gr 5 | Sessie 1 | Wiskunde | Gr 6 | Sessie 1 | Wiskunde |
| **Vrydag 11 Junie** | Gr 4 | Sessie 1 | Geskiedenis | Gr 7 | Sessie 1 | Geskiedenis |
| | | Sessie 2 | Visual and Summary (Eng) | | Sessie 2 | Visual and Summary (Eng) |
| **Maandag 14 Junie** | Gr 5 | Sessie 1 | Geskiedenis | Gr 6 | Sessie 1 | Geskiedenis |
| | | Sessie 2 | Visual and Summary (Eng) | | Sessie 2 | Visual and Summary (Eng) |
| **Dinsdag 15 Junie** | Gr 4 | Sessie 1 | English | Gr 7 | Sessie 1 | English |
| | | | | | Sessie 2 | Kreatiewe Kunste |
| **Donderdag 17 Junie** | Gr 5 | Sessie 1 | English | Gr 6 | Sessie 1 | English |
| **Vrydag 18 Junie** | Gr 4 | Sessie 1 | Lewensvaardighede | Gr 7 | Sessie 1 | EBW |
| | | | | | Sessie 2 | Tegnologie |
| **Maandag 21 Junie** | Gr 5 | Sessie 1 | Lewensvaardighede | Gr 6 | Sessie 1 | Lewensvaardighede |
| **Dinsdag 22 Junie** | Gr 4 | Sessie 1 | Aardrykskunde | Gr 7 | Sessie 1 | Aardrykskunde |
| **Woensdag 23 Junie** | Gr 5 | Sessie 1 | Aardrykskunde | Gr 6 | Sessie 1 | Aardrykskunde |
| **Donderdag 24 Junie** | Gr 4 | Sessie 1 | Afrikaans | Gr 7 | Sessie 1 | Afrikaans |
| | | | | | Sessie 2 | Lewensoriëntering |
| **Vrydag 25 Junie** | Gr 5 | Sessie 1 | Afrikaans | Gr 6 | Sessie 1 | Afrikaans |

## Sunridge Primary School

**Term 2 2021**

**Examination**

| DATE | GRADE | SESSION | SUBJECT | GRADE | SESSION | SUBJECT |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Monday 7 June** | Gr 4 | Session 1 | NS/Tech | Gr 7 | Session 1 | Natural Sciences |
| | | Session 2 | Visueel en Opsomming (Afr) | | Session 2 | Visueel en Opsomming (Afr) |
| **Tuesday 8 June** | Gr 5 | Session 1 | NS/Tech | Gr 6 | Session 1 | NS/Tech |
| | | Session 2 | Visueel en Opsomming (Afr) | | Session 2 | Visueel en Opsomming (Afr) |
| **Wednesday 9 June** | Gr 4 | Session 1 | Mathematics | Gr 7 | Session 1 | Mathematics |
| **Thursday 10 June** | Gr 5 | Session 1 | Mathematics | Gr 6 | Session 1 | Mathematics |
| **Friday 11 June** | Gr 4 | Session 1 | History | Gr 7 | Session 1 | History |
| | | Session 2 | Visual and Summary (Eng) | | Session 2 | Visual and Summary (Eng) |
| **Monday 14 June** | Gr 5 | Session 1 | History | Gr 6 | Session 1 | History |
| | | Session 2 | Visual and Summary (Eng) | | Session 2 | Visual and Summary (Eng) |
| **Tuesday 15 June** | Gr 4 | Session 1 | English | Gr 7 | Session 1 | English |
| | | | | | Session 2 | Creative Arts |
| **Thursday 17 June** | Gr 5 | Session 1 | English | Gr 6 | Session 1 | English |
| **Friday 18 June** | Gr 4 | Session 1 | Life Skills | Gr 7 | Session 1 | EMS |
| | | | | | Session 2 | Technology |
| **Monday 21 June** | Gr 5 | Session 1 | Life Skills | Gr 6 | Session 1 | Life Skills |
| **Tuesday 22 June** | Gr 4 | Session 1 | Geography | Gr 7 | Session 1 | Geography |
| **Wednesday 23 Junie** | Gr 5 | Session 1 | Geography | Gr 6 | Session 1 | Geography |
| **Thursday 24 Junie** | Gr 4 | Session 1 | Afrikaans | Gr 7 | Session 1 | Afrikaans |
| | | | | | Session 2 | Life Orientation |
| **Friday 25 Junie** | Gr 5 | Session 1 | Afrikaans | Gr 6 | Session 1 | Afrikaans |